CA523.01
PDV2 G1.6c

# KLEIN FREDDIE.

## NA DIE ENGELS "LITTLE ALFIE"

VAN

ROBERT S. ROBINSON

(J.B. LIPPINCOTT COMPANY, NEW YORK)

Eendag was daar 'n perdjie. En die perdjie se naam was Freddie. Freddie het op 'n groot plaas gebly in Durban of Turffontein of Greyville. En die baas van die plaas was Ou Kolonel van der Berg. En ou Kolonel van der Berg was ook die eienaar van Freddie se mamma. Freddie se mamma was 'n pragtige Engelse merrie. En Freddie se pappa, dink hulle as hulle Freddie so kyk, was 'n rondloper-Arabier. Ek dink hy het saam met die sirkus gekom. Maar toemaar.

Eendag toe sien Ou Kolonel van der Berg die verband op sy plaas gaan verval. En weet julle wat toe? Toe word Ou Kolonel van der Berg se hart baie seer. En niemand het meer omgegee hoe lyk Freddie nie. Hy't maer geword en al die ander vulletjies het met hulle pote in die grond gekap en dan lag hulle vir hom - wheee. Hoe lag die vulletjies? - Ja, dis reg - wheee.

En toe word Freddie se hartjie baie seer en hy hardloop sommer weg van die ander vulletjies af.

En Freddie se mamma het gehuil omdat die ander vulletjies so snaaks was met Freddie en omdat hy so baie moes weghardloop.

Net langsaan die kamp waar Freddie begly het, was daar 'n groot reisiesbaan. En die reisiesbaan het behoort aan meneer Judson Olsley, maar meneer Judson Olsley se perde het nooit 'n reisies gewen nie en mnr Judson Olsley het maar net altyd daar op die pawiljoen gesit en stilletjies gesit en huil.

En toe, eendag, is dit die July, en al die mense het Durban toe gegaan om na die July te gaan kyk. En daardie dag was daar 'n

2/......

CARNEGIE BIBLIOTEEK
Coates
Versameling
U.S.

POV2 G1.6c



klomp soldate ook en die soldate het 'n groot kanon gehad. En toe vat die soldate die kanon en hulle skiet met hom. En arme klein Freddie skrik hom amper morsdood! Hy skrik só, hy spring sommer skoon bo-oor die draad en toe hy weer sien, is hy op die reisiesbaan.

En hy hol. En hy hol, en hy hol, en hy hol, en hy hol.. En weet julle wat? Hy hol skoom weg vir die ander reisiesperde dat die ander reisiesperde lyk of hulle sommer stilstaan. En al die jokkies en die eienaars was vreeslik kwaad omdat Freddie hulle almal se perde so ver gewen het.

Maar nie meneer Judson Olsley nie!

Hy was so verstom oor Freddie so vinnig kon hardloop dat hy sommer net daar weggespring het na Ou Kolonel van der Berg toe.

En toe koop meneer Judson Olsley vir klein Freddie by Ou Kolonel van der Berg vir 'n groot klomp geld. Dit was genoeg geld om die verband op die Ou Kolonel se plaas af te betaal en toe was die Ou Kolonel só bly dat hy sommer vir al die mense wyn gekoop het.

Freddie se mamma het nie wyn gekry nie, maar wat - sy was doodgelukkig want sy was mos trots op Freddie.

En mnr. Judson Olsley was ook gelukkig want Freddie het 'n beroemde reisiesperd geword en baie reisiese gewen. Daar was nie meer stoute vulletjies wat snaaks was met Freddie nie en Freddie het sy eie, eie stal gehad en 'n flukse klonkie om hom op te pas...

Maar toe verander hulle sy naam. In plaas van net Freddie te sê , noem hulle hom toe Olsley Alfred I -

En toe is Freddie se hart weer net so seer as wat hy altyd was.

HVN/CV.

23/8/60.